Verwysing 20161213-6989
12/2/11/6/4
Navrae: SMM Rampou

Kurrikulum AOO-minuut: DCG 0001/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Kringbestuurders, Adjunkhoofonderwyskundiges, VOO- en AOO-koördineerders, Vakadviseurs en Prinsipale van alle gewone en onafhanklike skole met graad 4- tot 9-klasse.

Onderwerp: Uitnodiging om graad 4 tot 9 leerders vir die 2017 Natuurwetenskap-olimpiade te registreer

1. Die Nasionale Natuurwetenskap-olimpiade is 'n projek wat deur die Suid-Afrikaanse Agentskap vir die Bevordering van Wetenskap en Tegnologie (SAABWT) geborg is. Die Olimpiade beoog om:
   - 'n belangstelling in wetenskap onder leerders te skep en om hulle aan te moedig om wetenskap in die Verdere Onderwys en Opleiding (VOO)-fase te studeer;
   - die beste Natuurwetenskap-leerders nasionaal te identifiseer;
   - Natuurwetenskap-onderwysers te ondersteun en hul klaskamerpraktyk te verbeter; en
   - talent onder Natuurwetenskap-leerders te identifiseer.

2. Die Olimpiade is 'n stimulerende aktiwiteit wat van deelnemers verwag om kritiese denke, probleemoplossingsvaardighede, innovasie en kreatiwiteit te toon. Dit word deur die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se strategie vir Wiskunde en Natuur- en Fisiese Wetenskap ondersteun. Daar kan indrukwekkende pryse deur die toppresteerders in die Olimpiade gewen word.

3. Die gemiddelde provinsiale prestasie vir Graad 4 – 6 het vanaf 40,5% in 2015 tot 42% in 2016 verbeter, terwyl Graad 7 – 9 vanaf 40,5% in 2015 tot 43,3% in 2016 verbeter het.

4. Die volgende pryse is aan Wes-Kaapse wenners in die nasionale kategorie toegeken:

Naam van skool	Leerder se voorletters en van	Graad	Toekennings	Nasionale posisie	%	Prys
Kristenhof Primêr	D Sumeruk (76%)	7	Top graad 7-leerder	1	76	Tablet
Parklands College	RS Sparg (81%)	8	Top graad 8-leerder	2	81	Tablet

5. Die Olimpiade is 'n veelkeuse-eksamen wat slegs in Engels aangebied word. Dit is in twee kategorieë verdeel, nl. Intermediêre- en Senior Fase. Dit sal van 09:00 tot 12:00 op Donderdag, 11 Mei 2017 geskryf word. Die sluitingsdatum vir registrasie is Dinsdag, 28 Februarie 2017.

6. Die WKOD nooi weereens alle skole uit om deel te neem aan die 2017 Olimpiade. Skole word versoek om die aangehegte registrasievorms (Bylae A en B) te voltooi en te onderteken en aan die naaste distrikskantoor of wetenskapsentrum wat in Bylae C gelys is, terug te stuur. Verseker asseblief dat 'n afskrif van die registrasiefooi se kwitansie aan die registrasievorm vasgekram is. Alle voltooide registrasievorms moet die verskeie distrikskantore en/of wetenskapsentrums teen nie later nie as 14:00 op Maandag, 27 Februarie 2017 bereik.

7. Die deelnemersfooi vir die Olimpiade is R10.00 per leerder. Die gelde moet direk in die SAABWT-bankrekening gedeponeer word. Die bankbesonderhede word op die inskrywingsvorm verskaf. Daar is geen beperking op die getal leerders wat ingeskryf mag word nie.

8. WKOD sal die inskrywingsfooie van leerders in geen-skoolfooi skole sowel as leerders in Wiskunde-, Wetenskap- en Tegnologie- (WWT) skole borg. Al hierdie skole moet hul leerderinskrywings teen nie later nie as 15:00 op Maandag, 27 Februarie 2017 direk aan me Suanne Rampou stuur. Skole kan hul inskrywings skandeer en aan Suanne.Rampou@westerncape.gov.za e-pos of na 086 205 1450 faks.

9. Skole word versoek om die integriteit van die Olimpiade deur sorgvuldige toesig te handhaaf. 'n Onreëlmatigheid sal 'n skool outomaties van die Olimpiade diskwalifiseer.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM EN -ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2017-01-17